**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

# Moontlike Antwoorde Supp 2007

AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Omdat die dood ter sprake is / omdat die spreker sy hond aan die dood afstaan/ omdat die spreker die hond nooit weer sal sien nie (1)

1.2 dié keer (1)

1.3 Omdat hulle ? hegte verhouding gehad het / omdat die gebeure die spreker ook ten diepste raak (1)

1.4 Die dood (1)

1.5 Die veearts wink
Ons maak jou halsband los / maak jou halsband los
Hy neem die spuit (3)

1.6 Alleen (slegs een woord) (1)

1.7 Spreker: omdat hy sy hond verloor
Jy: omdat hy doodgemaak moet word
Let ook op na ander gangbare motiverings!
(Hier bepaal die motivering telkens die punt. Dit is ? 2- of 0-antwoord (2)

**[10]**

## VRAAG 2

- Van die vroegste tye af is geskenke tydens Kersfees deur mense aan mekaar gegee uit dankbaarheid vir die Verlosser, Jesus Christus, wat vir die gelowige sondaars gebore is.

- Die geskenk-idee het moontlik posgevat na aanleiding van die geskenke wat die wyse manne uit die Ooste vir Jesus gebring het.

- Die meeste mense gee vandag nog aan mekaar geskenke, maar weinig steur hulle aan die ware betekenis daarvan.

- Dit gaan deesdae met Kersfees oor geld. Besighede buit die publiek uit. Vir hulle gaan dit oor rekordverkope en die vooruitgang van hulle ondernemings. Die geldklokkies wat lui dui waarskynlik op die geluid wat die winkel-kasregisters maak.

- Kersvader kry ? ereplek in winkelsentrums waar hy op ? vergulde stoel sit. Christus, die eintlike hoofpersoon waarom die Kersvieringe wentel, is afwesig.

- Daar word wêrelds na Jesus verwys as die Merrykrismiskind wat suggereer dat Kersfees ? gewone fees is wat jaarliks kom en gaan: die Merrykrismiskind is **weer gebore**. Kersfees verloor daardeur sy sin.

- Die bekendste Kerslied, Stille Nag, word buite konteks in supermarkte gespeel om ? skynatmosfeer van die feestyd te skep. Die Bybelse gegewe of die gewyde aspek van Kersfees word oneer aangedoen.

- Kersvader praat met kinders terwyl dit volgens die Bybel juis Jesus was wat nooit die kindertjies gering geag het of verstoot het nie.

- Gedurende Desember is dit warm in Suid-Afrika. Daarom sweet Kersvader. Daar loop sweet oor sy gesig (wang) af. In die Bybel word vertel dat die mens se straf op die sonde sal wees dat hy met sweet op sy aangesig sy brood sal verdien.

- Kersfees is ? bloedige fees. Bybels gesien, dui dit moontlik op ? fees wat uiteindelik uitgeloop het op Jesus se bloedstorting aan die Kruis. Hier sinspeel dit op die mensgesentreerdheid van die fees. Warmbloedige mense vier dit. Dit kan verder op sommige mense se gefuif dui. In Desember (Suid-Afrika) is dit bloedig warm, vandaar die bloedige fees. Bloeding kan moontlik ook sinspeel op die talle noodlottige ongelukke gedurende die Kersseisoen.

- Waar Jesus vir 30 silwerstukke (weer eens geld) en ? soen deur Judas verraai is, word die oppervlakkige wyse van Kersfeesviering kenmerkend van die hedendaagse mens wat die werklikheid van Kersfees verloën of ignoreer. Hulle vier uitspattige partytjies wat uitloop op ? nuttelose gesoen en baie geld wat gemors word.

- Volgens die gedig is Kersvader die hoofpersoon. Die meriete van kandidate se gemotiveerde eie menings moet deeglik oorweeg word. **[10]**

## VRAAG 3

3.1 kyk, oggeliefie druppeldou, (1)

3.2 jakkals trou met wolf se vrou
Dit reën terwyl die son skyn. (2)

3.3 Die vader kap gewoonlik bome af / die vader is bosbouer en werk bedags hard.
Vandag reën dit en kan hy nie sy normale pligte uitvoer nie. (2)

3.4 Hy is vertraag / abnormaal / ? mongool. (1)

3.5 3.5.1 Nee.
Hy verwys net na die mense wat van die mongoolkind bewus is /
Hy verwys na die inwoners van Grabouw. (Ja is foutief. ? Kandidaat verdien wel ? punt vir nee, al is die motivering ongeldig). (2)

3.5.2 Hulle het geen begrip van die liefdesband tussen ? vertraagde kind en sy pa / ouer nie. (1)

3.6 jakkals trou met wolf se vrou (1)

3.7 Albei handel oor ? vloeistof (1)

3.8 3.8.1 R.18. (1)
3.8.2 Dat God Hom met die kleinste / nietigste saak in die skepping bemoei. / God heers oor lewe en dood (1)

3.9 Ou. Maak die gedig liedagtig,/ singerig / bind die reëls tot eenheid saam. (2)
**[15]**

**VRAAG 4**

4.1 Oë / gesig en gehoor. (2)

4.2 Die inwoners van die dorpie / die losieshuisbewoners / die spreker en die inwoners van die dorpie (losieshuis). (1)

4.3 Dui die tannie se loopbeweging aan.
(Slegs 1 punt vir: dui beweging aan / bevorder die vloei van die gedig / die handeling vorm ? eenheid). (2)

4.4 Dit suggereer dat sy binnekort gaan sterf / dui op die tydelikheid van die menslike bestaan / Alle mense is tydelike loseerders op die aarde. (1)

4.5 Die dood / onheil. (1)

4.6 Hoe. (1)

4.7 Laat-middag
vanaand
(Slegs **middag** is foutief) (2)

4.8 Rook kan nie rook nie / rook moet trek wees / rook word as werkwoord gebruik. (1)

4.9 Die Here dui op lewe (die Skepper) en die uile suggereer die dood /
Die Here dui op die positiewe en die uile suggereer onheil of die negatiewe /
Here dui op gelowigheid; uile dui op bygelowigheid.
(Albei dele van die teenstelling moet verduidelik word). (2)

4.10 ver fluit / [f]-klank. (1)

4.11 ? Voëltjie. (1)
**[15]**

## VRAAG 5

5.1 as ek eendag ? seun het sal ek hom ronsard noem. (1)

5.2 Om eendag ? seun te hê / Dat die digterlike inspirasie wat haar verlaat het, moet terugkom. (1)

5.3 5.3.1 Ronsard. (1)
5.3.2 Hy abba (dra) die son oor die aarde / Hy is baie sterk (kragtig; energiek) / Hy het mag oor die son (lig). / Hy lewe vir ewig, want daar staan: **dag na dag**. (1)

5.4 Sy hande omskulp die spreker se gesig.
Sy rug is sterk / sekerheid van sy rug. (2)

5.5 Blonde (wit); grysrooi; bruin. (1)

5.6 Seun: Kinders sê ouers saans nag voordat hulle gaan slaap. /
Minnaar: mans groet saans hulle vrouens as hulle van die werk af kom. (2)

5.7 Bruin lag. (1)

5.8 Skryf. (1)

5.9 Suggereer hoe Ronsard die son dra / suggereer die beweging van Ronsard wat die son dra / Suggereer Ronsard se invloed of krag. (2)

5.10 Sy het geen inspirasie om te skryf nie / Ronsard (digterlike inspirasie) het haar nog nie bereik (besoek) nie. Haar temas is op. (1)

5.11 Dit word laat / die son trek water. (1)
**[15]**

## VRAAG 6

6.1 Lied oor die kinders. (1)

6.2 Dit maak die gedig liries / maak die gedig soos ? lied / versterk die liedkenmerke van die gedig. (1)

6.3 In albei gevalle word na Joodse kinders / Joodse seuntjies verwys. (1)

6.4 Dit kan daarop dui dat die koningskinders die Jode doodgesteek het.
Dit kan daarop dui dat die Jode die koningskinders doodgesteek het. (2)

6.5 In r.14 word die Ierse kind vergeet (daar word nie met hom rekening gehou nie / hy word as onbelangrik beskou).
In r.30 kry die kinders aandag /word hulle raakgesien / aanvaar. (2)

6.6 (Enige antwoord kan korrek wees, mits die motivering geldig is).
Oorlogsgeweld is vir my die ergste omdat kinders geen skuld het aan grootmense se twispunte nie/
Seksuele wanpraktyke is vir my die ergste omdat dit ? kind se toekoms geheel en al kan verwoes. (2)

6.7 Uit die tipografie. Elke volgende versreël word verder ingesny. (1)

6.8 twyfel / vra. (1)

6.9 Omdat sy ? Christen is / omdat sy ? kruisie dra. (1)

6.10 Na die dubbelpunt word verduidelik waarom die kinders in Gods Koninkryk hoort. (2)

6.11 Dit dui die weerloosheid / onskuld / nietigheid van die kinders aan / Dit wek simpatie vir die kinders. (1)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**DRAMA**

**VRAAG 7**

***Die Keiser***

7.1 Die Groen Tier. (1)

7.2 ? Nagmerrie. (1)

7.3 Diplomaat. (1)

7.4 Dui aan dat Maarskalk deur Kultuur in die rede geval word. (2)

7.5 ? Skuldgevoel. (1)

7.6 Die volk ly honger. / Kultuur sien nie om na die beskawingsprogram nie. (1)

7.7 Enige 2:
Die Keiser se halfeeufees (luukse geboue, monumente, standbeelde).
Die Paleisstad.
Om die Hof te voed. (2)

7.8 7.8.1 "Om uit die hemel te val". (1)
7.8.2 Dui op iets wat vanself, sonder moeite net daar is of gebeur. (1)
7.8.3 Die klere maak die man. (1)

7.9 Kultuur. (1)

7.10 Die Paleisstad. (1)

7.11 Sy vader / die mal Keiser. (1)

7.12 Hofnar. (1)

7.13 4 / vier. (1)

7.14 Enige 1:
Hierdie dinge hou verband met die land se beeld in die buiteland en hy is minister van Buitelandse Sake.
Diplomaat dink en tree te rebels op.
Diplomaat is deel van die opstand en al die swier pas hom. (1)

7.15 Dis manjifiek. Wie was die kunstenaars? (2)

7.16 Die inlegwerk van smarag (wat groen is). (1)

7.17 Ontsteltenis. (1)

7.18 Dui ? kontras / teenstelling aan. (1)

7.19 Tonne ammunisie. (1)

7.20. 7.20.1 Hy moet sy leër versterk / hy moet die volk in toom hou. (1)
7.20.2 Kultuur versuim self sy plig en laat die volk verhonger. (1)

7.21 Beklemtoon die baie geld wat ter sprake is. (2)

7.22 Weet teenoor weet nie. (2)
**[30]**

## VRAAG 8

8.1 **Die ministers is leuenaars**

- Die drie ministers vertel almal leuens. Hulle jok vir die Keiser oor die toestand in die land Ekwator.
- Die gesprek wat Hofnar afluister, getuig daarvan dat hulle (die kabinet) geheime vir die volk én die Keiser het. Die Keiser en die volk mag alleen weet wat vir hulle goed is om te weet.
- Kultuur versuim om die volk te voed en te klee. Kultuur verwys met minagting na die volk, terwyl dit sy missie moes wees om hulle namens die Keiser op te hef.
- Die ministers verryk hulleself ten koste van die volk en gee voor dat Ekwator een van die beskaafdste lande ter wêreld is.
- Diplomaat trek sonder die Keiser se medewete ander klere aan as hy die buiteland besoek. In Rome maak jy soos die Romeine maak.
- Diplomaat sweer saam met die Wewers teen die Keiser. Hy voer ? dubbele bestaan. Selfs die ander twee ministers kom dit agter as dit te laat is.
- Al drie ministers jok oor die klere wat hulle **sien**.
- Maarskalk ondervind probleme met die volk se opstandigheid. Hy maak dit nie aan die Keiser bekend nie, want dit is eintlik Kultuur se skuld omdat hy hulle nie laat voed en klee nie.
- Maarskalk jok as die Keiser agterkom dat hulle Hofnar mishandel het.

**Die Wewers is leuenaars**

- Die Wewers jok oor die wonderkostuum wat nie gesien kan word deur bedrieërs en onbekwames nie.
- Die Wewers het ? geheime agenda – hulle wil die Keiser onttroon. Slegs Diplomaat is daarvan bewus.
- Dit is hulle wat in samewerking met Kim die goud, juwele en die Keiser en Keiserin se klere laat verdwyn.
- Hulle gee voor dat hulle die kostuum sien.

**Die Keiser jok vir ander en vir homself**

- Die Keiser het nog sy hele lewe lank vir homself gejok oor die welvaart van sy volk.
- Hy jok vir al die ander asook vir homself oor die bestaan van die wonderkostuum.
- Omdat hy ’n dromer is, lewe hy ? leuen.
- As Tiengelieng skamel gekleed is, berispe hy haar, maar hy kyk onbeskaamd na die kaal pop.

**Die Keiser se insig**

- Hy besef ? mens kan vir jouself ook jok.
- Hy besef dat ? mens nooit werklik seker van enigiets kan wees nie. Daarom kan ? mens niemand eintlik vertrou nie.
- Sekerheid en die onderskeid tussen waarheid en leuen is relatief.

**Die vertel van leuens: eie mening**

- Dit is nie die moeite werd om te jok nie.
- Die Keiser se leuen lei tot spanning, konflik en lei uiteindelik tot waansin.
- Die Wewers se komplot misluk. **(20)**

8.2

- Die idioom: "Die klere maak die man". Dit beteken: ? Mens beoordeel dikwels ander mense op grond van hulle uiterlike.
- Dit was die Keiser wat besluit het om dit ? slagspreuk te maak.
- In die drama is almal aan die Hof oordrewe klerebewus. Hulle kyk kort-kort in die spieël.
- As Diplomaat ? koffiespatsel op sy krawat het, glo die Keiser dat dit ook sy menswees sal aantas.
- Klere word simbool van pretensie of beskaafdheid. Klere is die borswering teen die barbarisme.
- Klere is baie belangrik vir Kultuur en die Keiser.
- Kaalheid word simbool van barbaarsheid of onbeskaafdheid. Naaktheid word ook simbool van die waarheid. **(10)**

**[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

AFDELING C

**PROSA**

**VRAAG 9**
***Kringe in die Bos***

9.1 Dui ? tydsverloop aan.
Suggereer ? breuk tussen Saul en die houtkappers en Saul alleen in die Bos. (2)

9.2 Die geluid waarvan gepraat word, word na die dubbelpunt beskryf (verduidelik). (2)

9.3 Die luggie vee die mensreuk af. (1)

9.4 Onder die boom. (1)

9.5 Dronk. Daar is 'n bottel Cape Smoke onder sy arm/
Verskrik, omdat ? olifant hom amper getrap het. (2)

9.6 Omdat Saul gesê het Joram kruip voor MacDonald. (1)

9.7 Met ? stomp byl / Met ? byl wat hom nie wil laat slyp nie. (1)

9.8 Dui op Saul se onsekerheid / Dit help om spanning te skep. (1)

| | | |
|---|---|---|
| 9.9 | Saul die houtslaaf.<br>Saul met bondeltjie goud. | (2) |
| 9.10 | Ja. | (1) |
| 9.11 | Dat Saul goud het om te verkoop / Dat Saul nié in staat is om goud te kan hê nie. | (1) |
| 9.12 | 12 tiensjielingstukke / 12 pond. | (1) |
| 9.13 | Tanda. Omdat hy die boek in MacDonald se skuur vergeet het. | (2) |
| 9.14 | Skuil-skuil. | (1) |
| 9.15 | om in te gaan. | (2) |
| 9.16 | Skemer<br>grafstil. | (2) |
| 9.17 | Kate. | (1) |
| 9.18 | Om die biblioteek te betree. | (1) |
| 9.19 | 2 jaar. | (1) |
| 9.20 | Hy is uitgejaag omdat hy verwaarloos (vuil)/ ? slaaf van MacDonald is. | (2) |
| 9.21 | 9.21.1 Ja. (Nee is foutief). | (1) |
| | 9.21.2 Saul kon nie help dat hy in dié toestand is nie. | (1)<br>**[30]** |

## VRAAG 10
***By Fakkellig***

| | | |
|---|---|---|
| 10.1 | Die ou bedelaarvrou. | (1) |
| 10.2 | Van Ierland / van die Ierse volk. | (1) |
| 10.3 | ronddool. | (1) |
| 10.4 | Hulle besit niks.<br>Hulle is identiteitloos. | (2) |
| 10.5 | Trotsheid. / Sorgsaamheid. | (1) |
| 10.6 | 10.6.1 Herhaling.<br>10.6.2 Die geringheid / onbeduidendheid van die Iere. | (1) |
| 10.7 | Dit is baie koud.<br>Daar is baie pagters wat daar teen die koue beskerm moet word. | (1)<br>(2) |

10.8 Omdat David nie werklik deel van die Iere is nie. / Hy betwyfel David se opregte bedoelings. (1)

10.9 Hy koppel dit aan die vrou se koors wat oorgaan. (1)

10.10 g-alliterasie / geleidelik, geluidloos, glip: alliterasie.
Dit suggereer hoe ongemerk die siek vrou skielik op die agtergrond geskuif word. (2)

10.11 Die Priester het die laaste sakramente aan haar kom bedien. (1)

10.12 Hulle ken mekaar nie / Hy weet David is Protestants (nie aan die Iere se kant nie). (1)

10.13 Uit eerbied vir die dood. / Die vrou se sterwensuur gryp hulle aan. (1)

10.14 Nee (Ja is foutief). (1)

10.15 Hy is nie bereid om ? pagter / Ier / swerwer te help nie. (1)

10.16 Wanneer die ys begin smelt. (1)

10.17 Hy moes nie gesê het dat dit vir 'n bedelaar (swerwer / pagter) is nie. (1)

10.18 O Máille se dood. (1)

10.19 Séamas en Liam. (2)

10.20 Dade. (1)

10.21 Liam se dood. (1)

10.22 In albei gevalle bly hy onbetrokke. (1)

10.23 Nee (ja is foutief). (1)

10.24 David raak betrokke uit pligpleging en hy ervaar geen entoesiasme nie. (2)
**[30]**

## VRAAG 11
### *Fiela se Kind*

11.1 Dit was donker en sy kon nie meer sien waar om te loop nie. (1)

11.2 11.2.1 Figuurlik. (1)
11.2.2 Sy het Benjamin verloor / Benjamin het nie saam met haar teruggekeer nie. (1)

11.3 Sy was te moeg / uitgeput.
Sy was emosioneel geskok / teleurgesteld. (2)

11.4 By ? skool. (1)

11.5 11.5.1 Sy praat met die Here. (1)
11.5.2 Die Bos. (1)
11.5.3 Sy is nie Benjamin se biologiese ma nie / Sy het nie aan Benjamin geboorte geskenk nie. (1)
11.5.4 Sy gedagtes / sy gemoed. (1)
11.5.5 Jy bind 'n naelstring af voor jy hom knip / Here, jy ruk hom nie los nie. (1)

11.6 Benjamin is sy ma se kind / hy het nie gedroom oor die toekoms soos die ander nie / hy het Fiela ingewag as sy te lank van die huis af weggebly het. (Noem een.) (1)

11.7 Ja / Nee. (1)

11.8 Ja: Sy het haar lieflingkind van haar weggeneem.
Nee: Dit is eintlik die sensusmanne wat deur haar gehaat moet word. (1)

11.9 Fiela ken haar nie werklik nie. / Fiela het haar nog nooit gesien nie. (1)

11.10 Herhaling.
Vraagstelling.
Retoriese vrae (noem 2). (2)

11.11 Hulle het haar van die onderkant af verwag en sy het van bo af gekom. (2)

11.12 Volstruismis. (1)

11.13 ENIGE 2:
Iemand het die sak by haar gevat.
Iemand het die bankie nader gesleep.
Iemand het die beker water vir haar gegee.
Iemand het haar kopdoek afgehaal. (2)

11.14 met toe oë. (1)

11.15 Oesters uithaal, vis vang, vis droog. (3)

11.16 Albei is onseker oor hulle vaders / identiteit. (1)

11.17 Hy moet ? seemens wees om deur die see aanvaar te word. / ? Bosmens sal ontuis by/ in die see wees. (2)

11.18 Om weg te gaan met ? skip. (1)
**[30]**

## VRAAG 12
### *Toorberg*

12.1 Abraham van der Ligt (2)

12.2 Sy vrou s'n (1)

| | | |
|---|---|---|
| 12.3 | Elke keer as sy bekommerd was, het sy haar hand op die vingerbeentjie gelê. | (2) |
| 12.4 | Omdat sy pa se lyk nooit gevind is nie / hy is eers werklik begrawe toe die vingerbeentjie begrawe is. | (1) |
| 12.5 | StamAbel Moolman<br>Omdat die plek toormooi was | (2) |
| 12.6 | 12.6.1 Rook sigare<br>Drink whisky | (2) |
| | 12.6.2 Hy het ? stompie-arm; van geboorte af | (2) |
| 12.7 | jare lank | (2) |
| 12.8 | ? Mens kan nie ’n koppie drink nie, maar die tee wat daarin is. | (2) |
| 12.9 | Sy wou hê die bediendes moes hoor wat sy wou antwoord nie. | (1) |
| 12.10 | Ella | (1) |
| 12.11 | Sy is bekommerd omdat haar man, Abel, soek geraak het. | (1) |
| 12.12 | Die dubbelpunt staan voor die direkte rede. / Dit kondig aan wat die vraag is wat hy wou vra. | (2) |
| 12.13 | Hy sê dit stil. ? Mens kan nie iets stil sê nie. | (2) |
| 12.14 | “? derde koppie” | (1) |
| 12.15 | Hy was (reeds) dood. | (1) |
| 12.16 | lomerig (een woord) | (1) |
| 12.17 | Nee | (1) |
| 12.18 | Alle mense is skuldig. | (1) |
| 12.19 | Abel het “teruggekom” en was dood. | (2)<br>**[30]** |

## VRAAG 13
### *Kringe in ’n Bos*

13.1 Die vernietiging van die natuur:
**<u>Die Houtkappers</u>**

- Ten spyte van die boswagter se teenwoordigheid, stel die houtkappers bloubokkiewippe en roei hierdie bedreigde spesie uit. Harrison word aangestel om die bome in die bos te nommer en te kyk dat net sekere bome gekap word. So roei die houtkappers die bos uit. Dit is egter hulle enigste manier om aan die lewe te bly.

- Saul weier om sy pa se span te help kap aan die koningboom, die kalander. Saul voel aan dat die boom lewe en dat die kap daarvan lewe vernietig.
- Baie houtkappers smokkel met ivoor en roei so die olifante uit. Selfs Joram Barnard het dit begin doen.

**Die Houtkopers**

- Dinge is eintlik korrup omdat die regering Harrison betaal om toe te sien dat die Bos nie uitgeroei word nie, maar dieselfde regering eis hout van die houtkopers om te gebruik vir die bou van ? spoorlyn. Hulle dwing die houtkappers om aan te hou kap, omdat hulle die hout moet lewer.
- George Rex, ook houtkoper, het meer stinkhout uit die bos laat kap as al die stinkhout daarna.
- Die houtkopers koop ook onwettige ivoor by die houtkappers en smokkel verder daarmee.
- Noem iets van die skewe sirkel.

**Die Delwers**

- Die delwers is net agter rykdom aan en ontsien niks wat aan die Bos behoort nie. In Meulbos het ’n hele tentdorp verrys.
- Crompton en Morris maak ? hotel oop en versteur daardeur die ekologie. Vullis is rondgestrooi en bome genadeloos afgekap. Delwers stel strikke vir wildsbokke.
- Olifante word geskiet; selfs Oupoot is deur ? delwer (Stopforth) geskiet.
- Vandag is die mens steeds besig om die plant- en dierelewe te vernietig. Daar word steeds in Mosambiek met ivoor gesmokkel. Selfs wild word in die Nasionale Krugerwildtuin gejag.
- Oral waar die mens huise en ander geboue oprig, word die natuur vernietig en fabrieke stort afval (besoedeling) in damme en die see.

**Minagting van Afrikaans**

- Daar word deurgaans neerhalend deur die rykes na Afrikaans as Kitchen Dutch verwys veral om die houtkappers te verneder.
- Die eerste keer toe Saul in Knysna kom en die skool (Public School) uitkom, het die kinders hom aangestaar en na sy taal as Kitchen Dutch verwys.
- In ? gesprek met Kate maak Saul die volgende opmerking: “Nee, Kate, ? mens is net ’n mens as jy baie geld het en boonop Engels is. Ek het die wêreld goed deurgekyk en dit elke keer ? bietjie duideliker gesien.”
- Saul het gewonder of iemand ooit ? boek in Kitchen Dutch sal skryf. Saul wonder waarom die Bybel in Hooghollands geskryf is en hulle Kitchen Dutch praat en die uitverkorenes Engels.
- Mev. Stopforth en Hans Oukas het ? woordewisseling toe hy haar glaskas met opgestopte voëls moes dra. Saul moes as tolk optree want sy het nie Kitchen Dutch verstaan nie. Sy verwys neerhalend na die Bosmense te taal.
- Vandag is Engels die wêreldtaal en in ons land word Afrikaans daardeur verdring. Vgl. maar die TV. Afrikaans is stadig maar seker besig om sy status te verloor.

**Ongeletterdheid**

- Die Houtkappergemeenskap was ongeletterd en het dikwels naïef opgetree (vgl. die bloubokkiegeloof). Joram moes dikwels vir Saul vra om in MacDonald se skuldboek te gaan lees. Hy was die uitsondering want sy ma het hom geleer lees en skryf.
- Die houtkopers soos MacDonald het altyd neerhalend verwys na die houtkappers en gemeen hulle is dom. MacDonald het hulle ook as wild en vuil beskou. Houtkappers is te dom om in te sien dat die houtkopers hulle in die skuld wil hou.
- Toe Saul MacDonald se diens verlaat, het hy hom as skelm beskuldig waarop Pearston Saul ? vark en Bosbobbejaan (dus dom) noem.
- Groot massas van ons bevolking is ongeletterd. Dit lei tot werkloosheid en misdaad. Ongeletterdheid kan ook die verspreiding van Vigs bevorder. **(20)**

13.2 MacDonald

- MacDonald opponeer Saul direk (antagonis) en hierdie vyandskap bly dwarsdeur tot aan die einde van die roman bestaan.
- MacDonald, die houtkoper, sien neer op die houtkappers (Saul dus ook) en buit hulle uit. Hy put genot daaruit om ander te verneder en hulle voor hom te sien kruip. Terwyl Saul vir hom werk, moet hy sy pa-hulle se skuld afbetaal.
- Saul begin insien dat MacDonald die houtkappers in die skuld wil hou en as hy hom daaroor konfronteer, besluit MacDonald om hom ten gronde te laat gaan.
- Toe Saul by hom kom werk, verbied hy hom om Kate te sien omdat hy ? vuil en wilde houtkapper uit die Bos is. Die klasseverskil spreek hier baie duidelik.
- Later word Saul ? al hoe groter bedreiging vir MacDonald en daarom bied hy hom sewe nuttelose erwe aan in Meulbosdorp, iets waardeur Saul gelukkig kon sien.
- MacDonald verloor die stryd teen Saul en dit nogal deur die toedoen van sy eie dogter, Kate.
- Sy koop Thompson se hoekerf wat Saul in staat stel om vastrapplek in daardie gemeenskap te kry.
- MacDonald se agterbaksheid en onregverdigheid het Saul se oë vir korrupsie oopgemaak en dit het hom 'n nog sterker mens gemaak.
- Kate
- Van hulle eerste ontmoeting is Kate in Saul geïnteresseerd en wanneer hy later by haar pa gaan werk, besoek sy hom dikwels by die skuur.
- Sy gee vir hom *David Copperfield* om te lees. Dit asook die talle gesprekke laat Saul Engels leer wat hom in staat stel om MacDonald se bedrog teenoor die houtkappers te verstaan. Dit leer hom ook met die delwers kommunikeer; iets wat hy later baie doen.
- Soos reeds genoem, tree sy vir Saul in en help hom om grond te bekom sodat hy sy onderneming op die dorp kan begin.

**(10)**
**[30]**

**VRAAG 14**
***By Fakkellig***

14.1

**Voor O Máille se dood**:

- David is eensaam en is tevrede daarmee.
- Hy hou hom besig met stap en lees.
- Hy is onbetrokke by die landgoed.
- Hy praat nie graag saam met die mans oor jag nie.

**Met Alice se koms:**

- Alice, die vrou van sy broer, Arthur, het David se lewe ingrypend verander.
- Sy maak hom bv. bewus daarvan dat die Iere onderdruk word. Hy kom ook deur haar toedoen in aanraking met die Ierse boere.
- David en Alice reis baie aangesien hy die land vir haar moet wys. Arthur is te besig en het nie tyd daarvoor nie.
- Alice maak David ook bewus van sy eensaamheid.
- Alice leer hom dans. Sy moedig hom aan om die bal by die Cunninghams by te woon.
- David kruip al hoe meer uit sy dop.

**Arthur en Alice se vertrek:**

- Alice se vertrek Dublin toe maak David opnuut eensaam en hy is nie meer tevrede as eensame nie.
- O Máille se dood beteken vir David die toetrede tot die Ierse wêreld.
- Dit is dus makliker vir David om kontak met andere te maak na Alice se vertrek. Hy verkies die Ierse boere omdat hy meer aangetrokke tot hulle voel.
- Die Ierse onderwyser, Liam en David raak hegte vriende.
- Liam is intelligent en dit lei tot ? diep vriendskap.
- David sien die werklikheid om hom raak en identifiseer hom al hoe meer met die Iere.
- Die voortdurende politieke en filosofiese gesprekke tussen Liam, Séamas en David, beïnvloed David verder. Liam en Séamas hang die revolusionêre politiek aan en hoewel David nooit ten gunste van die geweld raak nie, begin hy besef dat gewelddadige verset onafwendbaar is.
- Séamas gee vir David revolusionêre boeke van Franse filosowe om te lees, iets wat hom verder beïnvloed.

**Die rol van die priester:**

- Vader O Floinn oefen ook ? belangrike invloed op David se vorming uit. David hou nie van die selfversekerde priester nie en dit irriteer hom as die priester vir hom by geleentheid sê dat God met hom bemoeienis maak.
- Hy moedig David tot optrede aan. Tydens een van die gesprekke tussen David en die priester sê Vader O Floinn dat David nog nie werklik betrokke by die Iere is nie. Hy luister na hulle gesprekke, maar het self nog nie standpunt ingeneem nie.
- Volgens die priester kom ware oortuigings van binne en dat dit dade is waaraan mens se oortuigings gemeet word.

**David raak by die opstand betrokke:**

- Liam se dood raak David en dwing hom om tot die daad oor te gaan.
- Liam se dood en die priester se argumente is die finale aanmoediging vir David om te handel.
- David Steel Hardinge se gewere vir die rebelle. Hy word vasgetrek. As hy in ? hoek is, skiet hy ? Engelse soldaat dood. Hy word gevang en ter dood veroordeel.

**Opheffing van buitestanderskap**:

- David het wel betrokke geraak, maar dit is asof hy verplig gevoel het om iets te doen.
- Hy neem nie werklik hartstogtelik aan die opstand deel nie.
- Hy sit alleen in die dodesel en selfs Alice verwyt hom.
- Indien kandidate verskil en die argumente is teksgemotiveerd, moet hulle krediet ontvang.

14.2

**Massa word deur ? minderheid onderdruk**.

- In Ierland is daar twee groep mense; die arm verdrukte Iere wat die massa / meerderheid uitmaak en die minderheidsgroep, die ryk Engelse grondbesitters.
- Dit is onregverdig dat ? minderheidsgroep die oorhand kan hê. Net so was dit in die ou Suid-Afrika. Die blanke minderheidsgroep het die swart meerderheid onderdruk en van alle regte en voorregte weerhou.
- Die pagters besit nie grond nie en is arm. Die grondbesitters is ryk.
- Die pagters moet hard werk om ? bestaan te maak. Die Engelse grondbesitters drink, jag, en woon bals by. In die ou Suid-Afrika het die ryk blankes uitspattig gelewe, terwyl baie swart mense nie eers huise gehad het nie.
- Die pagters is Rooms-Katoliek en hulle godsdiens word nie erken nie. Daarom besit hulle nie kerkgeboue nie en moet in die buitelug byeenkom. Die Engelse grondbesitters is Protestants en hulle het kerkgeboue. In die ou Suid-Afrika het die swart mense eintlik nie kerkgeboue besit nie.
- Die pagters se kinders het nie toegang tot skole en universiteite gehad nie. Hulle het dus ongeletterd gebly, maar die Engelse het skole en hulle kinders mag studeer. In Suid-Afrika voor 1994 was skoolbywoning nie vir swart kinders verpligtend nie, selfs vandag nog is baie swart mense ongeletterd.
- Liam het moeite gedoen om van die pagters se kinders te onderrig, maar dit het moeilik gegaan.

**Onderdrukking lei tot opstand**.

- Dit is normaal dat onregverdige onderdrukking tot opstandigheid sal lei soos in Suid-Afrika waar die ANC ondergronds geopereer het en veral in die tagtigerjare talle bomme in openbare plekke geplant het.
- Liam en Séamas is in die geheim besig om ? opstand teen die Iere brandend te hou. Dit is ook op Ard na Croise waar David dikwels by hulle kom besoek aflê en deur hulle idees beïnvloed word.
- Priester O Floinn, hou kerk vir die Katolieke, hy is self in opstand teen die onderdrukking en eis dade of handelinge van David om te bewys aan wie se kant hy nou eintlik is.
- <u>Geweld 'n oplossing</u>?
- Kandidate se gemotiveerde mening. **(10)**

**[30]**

## VRAAG 15
### *Fiela se kind*

15.1

**By Fiela op Wolwekraal**

- Fiela maak Benjamin, haar hanskind, groot.
- Hy is vir haar spesiaal en sy koester hom uit liefde.
- Sy leer hom basiese waardes soos liefde, respek, eerlikheid en harde arbeid.
- Sy leer hom om netjies te wees, sy leer hom lees en skryf en leer hom van God.
- Fiela beplan om later die Laghaanse se grond te koop en dit op Benjamin se naam te sit.

**Die sensusmanne**

- Die lange en die dikke se besoek aan Wolwekraal laat Benjamin begin twyfel oor sy identiteit. Tot nou toe het hy Fiela sonder voorbehoud as ma aanvaar.
- Hy begin besef dat dit onnatuurlik is om as wit seun by bruin mense te woon.

**Elias en Barta**

- Elias mishandel sy kinders. Hy skeer Nina se hare af, slaan haar dat sy haar natmaak. Hy slaan Lukas ook vreeslik nadat hy probeer wegloop het.
- Lukas is van die begin af in opstand, aanvaar Elias nie as sy pa nie en beplan om weg te loop terug Lange Kloof toe. Die Bos maak hom benoud. Hy verlang na die liefde van Fiela en Selling.
- Barta bly afsydig teenoor hom en Lukas kan aanvoel dat sy nie sy werklike moeder kan wees nie.

- Kaliel voer ? kluisenaarbestaan en is alleen soos Benjamin.
- Kaliel weet nie wat van sy ouers geword het nie, net so weet Lukas niks van sy ouers nie. Hierdie gemeenskaplike onsekerheid bind hulle saam.
- Kaliel dra die merk (hy is skeel) en Lukas is ook uitgeworpene. Hy pas nie by Fiela-hulle nie en het ontuis by Elias-hulle in die Bos gevoel. Nou het hy **gedros**.
- Kaliel leer Lukas visvang, roei, ens. Omdat hy ? wêreldkaart het, leer hy Lukas van die wêreld en so verbreed sy algemene kennis.

- Hy is liggaamlik aangetrokke tot **Nina** en besef dat dit verbode is omdat sy sy suster is.
- Die liggaamlike eenwording gee die finale besef aan Lukas dat dit nie sy suster kan wees nie. Hy besef hy kan nie Lukas van Rooyen wees nie.
- Hy verkies om Fiela se kind te wees. **(20)**

15.2

**Elias is lui**

- Elias is lui en soek die heeltyd verskoning om nie te werk nie. Daarom saag hy balke en kap hy nie hout nie. Dit is nie net makliker werk nie, maar kan hom dalk vinniger ryk maak.
- Elias maak staat op geluk en nie harde werk nie.

- Elias se luiheid lei daartoe dat hy wrede planne begin beraam om olifante te vang sodat hy met ivoor kan smokkel en daardeur ryk word.
- Eers saag hy boomstamme halfpad af in Gouna se bos om te probeer dat die olifante die stamme met hulle slurpe breek en dan val. Dit werk nie. Die olifante uitoorlê hom.
- Daarna grawe hy ? vanggat vir olifante. Nina en Lukas moet daarmee help.
- Nadat hy ? olifantkalf daar vang, merk die olifante hom en maak hulle sy lewe verder moeilik vir hom. Hy durf nie meer alleen in die bos rondbeweeg nie en is eendag amper deur 'n olifantkoei vermorsel.

- Elias dink net aan homself.
- Hy laat Nina werk, maar vat self die geld.
- Hy mishandel (slaan) en verneder haar. Sy moet harde werk doen soos balke werk.
- Ook Lukas moet hard werk met die balke. Ook hy word byna doodgeslaan nadat hy probeer wegloop en weier om vir hom "pa" te sê. **(10)**

**[30]**

## VRAAG 16
### *Toorberg*

16.1

**Naam en van**

- Abraham van der Ligt. Iets van die oorspronklike betekenis van die Bybelse naam Abraham wat in die Ou Testament uitgelê word as "die vader van ? menigte volke", word in sy naam geïroniseer: dit blyk mettertyd dat sy vrou dood is en dat hulle kinderloos was.
- Sy van, Van der Ligt, sluit daarby aan dat hy as ondersoeker na die gebeure rondom Druppeltjie se dood, lig moet werp op die saak. Ironies het hy nooit ? finale antwoord nie; die skuldige word dus nie soos wat verwag is, aangekondig nie.

**Uiterlike voorkoms en geaardheid**

- Hy het net een arm. Elke oggend doen hy asemhalingsoefeninge voor die oop hotelvenster.
- Hy rook baie sigare en drink graag whisky.
- Hy is ? stil, deeglike mens. Soms gaan hy kroeg toe, maar sit heeltemal alleen. Op pad Toorberg toe, waar hy die dood van Druppeltjie du Pisani moes ondersoek, het hy die Moolmans se stamboek uit sy kop geleer. Doel van besoek: Hy word deur Justisie na Toorberg gestuur om te bepaal wie verantwoordelik gehou moet word vir die dood van Druppeltjie du Pisani.

**Die briewe aan sy vrou**

- Die briewe aan sy vrou kan gesien word as verwerkingsmeganisme veral omdat hy met geen ander persoon kommunikeer nie. Die kommunikasie met sy vrou verlig sy eensaamheid.
- Die briewe bring hom algaande tot insig van die hele situasie wat hy ondersoek.
- Die briewe word ? informele hofverslag van sy belewenisse en indrukke van elke dag. Dit is eintlik ook briewe aan homself.
- Die feit dat sy vrou reeds dood is en hy die briewe nie pos nie, maar in die toilet wegspoel, maak dit ironies.

**Buitestander**

- Aanvanklik betree hy die dorpie met slegs die stamboomkennis van die twee families. Mettertyd begin hy onderhoude met die mense voer en raak hy betrokke by die gebeure.
- Met Abel se verdwyning begin die magistraat Abel se plek inneem, as ? gereïnkarneerde De La Rey Moolman, Abel se broer, die een wat Ella eintlik liefgehad het.
- Die feit dat hy De La Rey se plek inneem, maak hom onmiddellik skuldig aan egbreuk en op dié wyse word hy deel van die Moolmans se sonde. Hy word indirek ook nou skuldig aan Druppeltjie se dood.

**Identifikasie met die magistraat**

Kandidate se gemotiveerde siening. **(20)**

16.2

- Druppeltjie du Pisani is ? buite-egtelike kind van KênsTillie Moolman en Waterwyser du Pisani.
- Hy het die binneste oë soos sy ma gehad en kon water aanvoel selfs 100 voet onder die grond.
- Hy was verstandelik vertraag, kon lees en skryf en was by Amy in die skool.
- Hy is ook kind van die weemoed genoem. Vir sewe maande na sy geboorte het daar konstant ? druppeltjie aan sy linkerwang gesit.
- Hy het nooit sy oë vir die son geknip nie en van kleins af was dit vir hom aanloklik om onder wilgerbome te speel.
- Hy dwaal graag agter sy pa aan. Hy het die gewoonte gehad om by boorgate in te kyk. Uiteindelik is hy dood in 'n boorgat waarin hy geval het. Daar word ook vertel dat hy ? genadeskoot toegedien is in die boorgat, maar niemand kan ? presiese weergawe gee van die ongeluk en die verloop van die reddingspoging nie. Dit bly ? misterie soos baie ander dinge in die verhaal.
- Druppeltjie is onskuldig en daarom kan sy dood as soenoffer vir die Moolmans se sondes gesien word. Hy sterf vir alle vorige asook huidige Moolmanskuld.
- Aanvanklik het Abel hom nie aangekyk nie omdat hy swerwersbloed in hom gehad het; ? afstammeling van Waterwyser du Pisani. Met die ongeluk het Abel 'n onverklaarbare leidende rol begin speel in die reddingspoging.
- Dit is waarskynlik a.g.v. die skuldgevoel wat hy gekoester het. Hy het besef dat die Moolmans almal skuld het aan Druppeltjie se wrede dood. **(10)**

**[30]**

**TOTAAL: 100**

Assesseringsinstrument (Rubriek)

| Norm | **Letterkunde: Paragraaftipe Vraag: 20/15/10** | **Vlak 1** | **Vlak 2** | **Vlak 3** | **Vlak 4** |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 1. | Beplanning, paragrafering, inleiding en afsluiting. | Goed beplan, inleiding gee struktuur en slot vat logies saam. | Nog goed gestruktureer, maar nie heeltemal so heg nie. | Neig om onsamehangend te raak. | Skryfstuk is nié ? goeie geheel nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 2. | Sinsbou, spelling, leestekens en woordgebruik. | Logiese sinne, min spelfoute, verskeie leestekens effektief gebruik, goeie woordgebruik. | Sinne, woordkeuses, spelling en leestekens is só dat die paragraaf maklik lees. | Sinne is lomp en moeilik verstaan-baar, spelfoute algemeen, lees-tekens en woord-gebruik beperk. | Taalfoute is té algemeen om ? redelike punt te verdien. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 3. | Duidelike hoofgedagtes. Uitvoering van spesifieke opdrag. | Hoofpunte is goed gedefinieer en sluit direk aan by gegewe opdrag. | Hoofpunte word onderskei, maar is effens vaag en sluit nié so direk by opdrag aan nie. | Opdrag en skryfstuk sluit nie. Meer ? geklets as wetenskaplike aanbieding. | Geen inhoudelike struktuur nie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 4. | Ondersteunende bewyse. | Skryfstuk toon goeie insig in begrippe en die korrekte bewyse uit die teks word gebruik vir stellings. | Steeds insig en grootliks toepaslike bewyse vir stellings. | Opdrag word inhoudelik nie duidelik verstaan nie en bewyse is effens lukraak. | Gebrek aan enige insig en bewyse met substansie. |
| | | **4/3/2** | **3/2/1½** | **2/1/1** | **1/½/½** |
| 5. | Kennis van die literêre werk. | Skryfstuk toon dat die teks gelees is en as geheel verstaan word. | Teks is duidelik gelees en die werk word verstaan, maar nié so volledig soos by Norm 4 nie. | Inhoudelike foute en oorsigtelikhede toon ? gebrek aan leeskennis en begrip van die teks. | Die werk is nié gelees nie en word glad nie verstaan nie. |